DIE PROVINSIE TRANSVAAL
Buitengewone Offisiële Koerant.
(As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer)

THE PROVINCE OF TRANSVAAL
Official Gazette Extraordinary.
(Registered at the Post Office as a Newspaper)

VOL CLXIV.] PRYS 6d. PRETORIA, 24 MAART 24 MARCH 1958. PRICE 6d. [No. 2693.

No. 80 (Administrateurs-), 1958.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by artikel *een-en-negentig* van die Zuid Afrika Wet, 1909, verklaar ek hierby dat onderstaande Ordonnansie wat deur die Provinsiale Raad van Transvaal aangeneem is, deur Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade goedgekeur is en hierby afgekondig word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Een-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Agt-en-vyftig.

Wm. NICOL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.
T.A.A. 3/1/48/10.

ORDONNANSIE No. 1 VAN 1958.

(*Goedgekeur op* 19 *Maart* 1958.)

(*Afrikaanse teks is deur die Goewerneur-generaal onderteken.*)

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n bedrag van hoogstens £16,500,000 op rekening van die dienste van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1959.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

£16,500,000 kan uit die Provinsiale Inkomstefonds uitgegee word.

1. Op en na die 1ste dag van April 1958 kan uit die Provinsiale Inkomstefonds sodanige bedrae uitgegee word, wat altesaam hoogstens sestienmiljoen vyfhonderdduisend pond bedra, as wat van tyd tot tyd nodig mag word vir die diens van die Provinsie vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1959 tot tyd en wyl die Raad daarvoor voorsiening maak in 'n Middele-ordonnansie.

Uitgifte kragtens hierdie Ordonnansie beskou te word as voorlopige voorskotte.

2. Alle bedrae wat kragtens die bepalings van hierdie Ordonnansie uitgegee word, word beskou as voorskotte op rekening van toekennings gedoen te word in 'n Middele-ordonnansie vir die jaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1959, en dadelik by die inwerkingtreding van sodanige Middele-ordonnansie, hou hierdie Ordonnansie op om van krag te wees, en uitgifte wat reeds kragtens hierdie Ordonnansie geskied het, word dan beskou as uitgifte kragtens daardie Middele-ordonnansie en moet verantwoord word ooreenkomstig die bepalings daarvan: Met dien verstande dat geen dienste ten aansien waarvan die uitgawe nie behoorlik kragtens 'n Middele-ordonnansie gedurende die boekjaar wat eindig op die 31ste dag van Maart 1958 gemagtig is nie, of waartoe daar geen wetlike magtiging bestaan nie, beskou moet word as gemagtig kragtens hierdie Ordonnansie nie.

Kort titel.

3. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Middele (Deel 1958/59), 1958.

No. 80 (Administrator's), 1958.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *ninety-one* of the South Africa Act, 1909, I hereby declare that the following Ordinance, passed by the Provincial Council of Transvaal, has been assented to by His Excellency the Governor-General-in-Council and is hereby promulgated.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-first day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-eight.

Wm. NICOL,
Administrator of the Province of Transvaal.
T.A.A. 3/1/48/10.

ORDINANCE No. 1 OF 1958.

(*Assented to on the* 19*th March*, 1958.)

(*Afrikaans text signed by the Governor-General.*)

AN ORDINANCE

To apply a sum not exceeding £16,500,000 on account for the service of the Province of Transvaal during the year ending on the 31st day of March, 1959.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

£16,500,000 may be issued from the Provincial Revenue Fund.

1. On and after the 1st day of April, 1958, there may be issued from the Provincial Revenue Fund such sums of money, not exceeding in the aggregate the sum of sixteen million five hundred thousand pounds, as may from time to time be required for the service of the Province in respect of the year ending on the 31st day of March, 1959, until such time as provision is made therefor by the Council in an Appropriation Ordinance.

Issues under the Ordinance to be deemed advances in anticipation.

2. All sums issued under the provisions of this Ordinance, shall be deemed to be advances on account of grants to be made in an Appropriation Ordinance for the year ending on the 31st day of March, 1959, and immediately on the commencement of such Appropriation Ordinance, this Ordinance shall cease to have effect, and issues already made hereunder shall be deemed to be issues under that Appropriation Ordinance and shall be accounted for in advance with the provisions thereof: Provided that no services upon which expenditure has not been duly authorized under an Appropriation Ordinance during the financial year ending on the 31st day of March, 1958, or for which there is no statutory authority shall be deemed to be authorized under this Ordinance.

Short title.

3. This Ordinance shall be called the Appropriation (Part 1958/59) Ordinance, 1958.

No. 81 (Administrateurs-), 1958.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by artikel *een-en-negentig* van die Zuid Afrika Wet, 1909, verklaar ek hierby dat onderstaande Ordonnansie wat deur die Provinsiale Raad van Transvaal aangeneem is, deur Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade goedgekeur is en hierby afgekondig word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Een-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Agt-en-vyftig.

Wm. NICOL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.A. 3/1/48/9.

ORDONNANSIE NO. 2 VAN 1958.

(*Goedgekeur op* 19 *Maart* 1958.)

(*Afrikaanse teks is deur die Goewerneur-generaal onderteken.*)

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere bedrag van hoogstens £883,836 tot die diens van die Provinsie Transvaal vir die tydperk van die 1ste dag van April 1957 af tot die 31ste dag van Maart 1958.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Provinsiale Inkomstefonds belas met £883,836.

1. Die Provinsiale Inkomstefonds van Transvaal word hierby vir alle geldbedrae gedebiteer wat nodig mag wees vir die diens van genoemde Provinsie vir die tydperk van die 1ste dag van April 1957 af tot en met die 31ste dag van Maart 1958 tot 'n bedrag van altesaam hoogstens agthonderd drie-en-tagtigduisend agthonderd ses-en-dertig pond bo en behalwe die bedrae waarvoor by die Middele (1957/58) Ordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 5 van 1957), voorsiening gemaak is:—

Ter bestryding van normale of terugkerende uitgawe: £883,836.

Hoe geld aangewend moet word.

2. Die geld by hierdie Ordonnansie toegestaan, word aangewend vir die dienste vermeld in bygaande Bylae, en wat uitvoeriger uiteengesit word in die Begroting van Addisionele Uitgawe vir genoemde tydperk, soos deur die Provinsiale Raad goedgekeur.

Administrateur kan magtiging tot veranderings verleen.

3. Met goedkeuring van die Administrateur, handelende met die toestemming van die Uitvoerende Komitee, kan 'n besparing op enige subhoof van 'n pos beskikbaar gestel word vir 'n oorskryding van uitgawe op enige ander subhoof of vir uitgawe op 'n nuwe subhoof van dieselfde pos: Met dien verstande dat die bedrae wat voorkom in kolom 2 van die Bylae by hierdie Ordonnansie nie oorskry mag word nie, en dat besparings daarop vir geen ander doel aangewend mag word as dié waarvoor die geld hierby toegeken word nie.

Kort titel.

4. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Addisionele Middele (1957/58), 1958.

No. 81 (Administrator's), 1958.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *ninety-one* of the South Africa Act, 1909, I hereby declare that the following Ordinance, passed by the Provincial Council of Transvaal, has been assented to by His Excellency the Governor-General-in-Council and is hereby promulgated.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-first day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-eight.

Wm. NICOL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.A. 3/1/48/9.

ORDINANCE NO. 2 OF 1958.

(*Assented to on the* 19*th March,* 1958.)

(*Afrikaans text signed by the Governor-General.*)

AN ORDINANCE

To apply a further sum of money not exceeding £883,836 for the service of the Province of Transvaal for the period from the 1st day of April, 1957, to the 31st day of March, 1958.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Provincial Revenue Fund charged with £883,836.

1. The Provincial Revenue Fund of Transvaal is hereby charged with such sums of money as may be required for the service of the said Province for the period from the 1st day of April, 1957, to the 31st day of March, 1958, both days inclusive, not exceeding in the whole the sum of eight hundred and eighty-three thousand eight hundred and thirty-six pounds, in addition to the sums provided for by the Appropriation (1957/58) Ordinance, 1957 (Ordinance No. 5 of 1957):—

To defray normal or recurrent expenditure: £883,836.

How money is to be applied.

2. The money appropriated by this Ordinance shall be applied to the services set out in the Schedule hereto and more particularly specified in the Estimates of Additional Expenditure for the said period, as approved by the Provincial Council.

Administrator may authorize variations.

3. With the approval of the Administrator, acting with the consent of the Executive Committee, a saving on any sub-head of a vote may be made available to meet excess expenditure on any other sub-head or expenditure on a new sub-head of the same vote: Provided that no excess shall be incurred on the sums appearing in column 2 of the Schedule to this Ordinance, nor shall savings thereon be available for any purpose other than that for which the money is hereby granted.

Short title.

4. This Ordinance shall be called the Additional Appropriation (1957/58) Ordinance, 1958.

BYLAE.

No. van begrotingspos.	Diens.	Kolom 1.	Kolom 2.
		£	£
1	Algemene Administrasie.....	217,801	—
	Met inbegrip van—		
	Toelaes vir—		
	Raad van Kurature vir Warmbadplase.....	—	20,000
	Kommissie tot Behoud van Natuurlike en Historiese Gedenkwaardighede en Oudhede.....	—	250
	Hercules-stormskadenoodlenigingsfonds.....	—	728
	Ex gratia-betalings—		
	Ex gratia-betaling aan Samuel Osborne (S.A.) (Pty.), Ltd., Johannesburg, vir verliese gely by die uitvoering van Administrasiekontrakte....	—	5,040
	Ex gratia-betaling aan Horses Head Township (Pty.), Ltd., ten opsigte van sekere gelde in verband met die dorp Strubenvale betaal.....	—	358
	Kwytskelding van Leningskuld van die Raad van Kuratore vir Warmbadplase	—	161,000
	Ex gratia-terugbetalings ten opsigte van Motorlisensies—		
	Stadsraad Pretoria.....	—	301
	J. J. Kirkness, Ltd., Pretoria.....	—	710
	Suid-Afrikaanse Yster en Staal Industriële Korporasie, Bpk.....	—	1,065
	Stadsraad Brakpan.....	—	8,130
	Plaaslike Naturelleraad, Sibasa.....	—	272
	Van Ryn Sand Co., Benoni.....	—	382
	Amptelike Onthale—		
	Sessiekomitee: Huishoudelike Reëlings.....	—	100
	Onthulling van Ou Transvaalse Wapen.....	—	340
	Hulptoelaes aan Plaaslike Besture—		
	Stadsraad Barberton: Vergoeding vir gebruik van gedeelte van Openbare Biblioteekgebou.....	—	250
2	Onderwys—Administrasie.....	36,590	—
	Met inbegrip van toelae vir—		
	Onderwysnavorsing.....	—	1,200
4	Onderwys van Kleurling- en Asiatiese Kinders.....	27,790	—
5	Hospitale en Gesondheidsdienste....	147,000	—
	Met inbegrip van—		
	Betaling aan Hospitaalfonds ingevolge Ordonnansie No. 19 van 1946.....	—	147,000
6	Paaie en Brûe.....	379,385	—
	Met inbegrip van toelae vir—		
	Messina (Tvl.) Development Co., Ltd.....	—	1,350
7	Natuurbewaring.....	1,500	—
	Met inbegrip van toelaes vir—		
	Federale Ongediertebestrydingsvereniging.....	—	1,000
	S.A. Wetenskaplike- en Nywerheidsnavorsingsraad—		
	Bilharzia-navorsing.....	—	500
8	Biblioteekdienste.....	2,200	—
9	Geboue, Eiendomme en Plaaslike Werke.....	71,185	—
	Met inbegrip van—		
	Vergoeding aan African Consolidated Theatres, Ltd., vir verliese gely as gevolg van die tydelike sluiting van die Capitol Theatre, Pretoria.....	—	1,735
11	Nasionale Paaie en Brûe.....	385	—
	Met inbegrip van—		
	Ex gratia-betaling aan mnr S. A. J. van Rensburg vir verliese gely as gevolg van die bou van die Nasionale Pad oor sy plaas.....	—	300
	£	883,836	

SCHEDULE.

No. of Vote.	Service.	Column 1.	Column 2.
		£	£
1	General Administration.....	217,801	—
	Including—		
	Grants for—		
	Mineral Baths Board of Trustees.....	—	20,000
	Commission for the Preservation of Natural and Historical Monuments, Relics and Antiques.....	—	250
	Hercules Storm Damage Relief Fund.....	—	728
	Ex Gratia Payments—		
	Ex gratia payment to Messrs. Samuel Osborne(S.A.)(Pty.), Ltd., Johannesburg, for losses sustained in executing Administration contracts..	—	5,040
	Ex gratia refund to Messrs. Horses Head Township (Pty.), Ltd., in respect of certain fees paid in connection with the Strubenvale Township.....	—	358
	Remission of Loan Indebtedness of the Mineral Baths Board of Trustees.....	—	161,000
	Ex Gratia Refunds in respect of Motor Licence Fees—		
	Pretoria City Council.....	—	301
	Messrs. J. J. Kirkness, Ltd., Pretoria.....	—	710
	South African Iron and Steel Industrial Corporation, Ltd.....	—	1,065
	Brakpan Municipality.....	—	8,130
	Local Native Council, Sibasa.....	—	272
	Messrs. Van Ryn Sand Co., Benoni.....	—	382
	Official Entertainments—		
	Sessional Committee: Internal Arrangements.....	—	100
	Unveiling of Old Transvaal Coat of Arms.....	—	340
	Grants-in-Aid to Local Authorities—		
	Barberton Municipality: Compensation for use of portion of Public Library Building.....	—	250
2	Education—Administration.....	36,590	—
	Including Grant for—		
	Educational Research.....	—	1,200
4	Education of Coloured and Asiatic Children.....	27,790	—
5	Hospitals and Health Services.....	147,000	—
	Including—		
	Payment to Hospitals Fund in terms of Ordinance No. 19 of 1946.....	—	147,000
6	Roads and Bridges.....	379,385	—
	Including Grant for—		
	Messina (Tvl.) Development Co., Ltd.....	—	1,350
7	Nature Conservation.....	1,500	—
	Including Grants for—		
	Federal Vermin Destruction Association.....	—	1,000
	South African Council for Scientific and Industrial Research—		
	Bilharzia Research.....	—	500
8	Library Services.....	2,200	—
9	Buildings, Estates and Local Works..	71,185	—
	Including—		
	Compensation to Messrs. African Consolidated Theatres, Ltd., for losses sustained as a result of the temporary closing of the Capitol Theatre, Pretoria.....	—	1,735
11	National Roads and Bridges.....	385	—
	Including—		
	Ex gratia payment to Mr. S. A. J. van Rensburg for losses sustained as a result of the construction of the National Road over his farm.....	—	300
	£	883,836	

No. 82 (Administrateurs-), 1958.]

PROKLAMASIE

DEUR SY EDELE DIE ADMINISTRATEUR VAN DIE PROVINSIE TRANSVAAL.

Kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan my verleen by artikel *een-en-negentig* van die Zuid Afrika Wet, 1909, verklaar ek hierby dat onderstaande Ordonnansie wat deur die Provinsiale Raad van Transvaal aangeneem is, deur Sy Eksellensie die Goewerneur-generaal-in-rade goedgekeur is en hierby afgekondig word.

GOD BEHOEDE DIE KONINGIN.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Een-en-twintigste dag van Maart Eenduisend Negehonderd Agt-en-vyftig.

Wm. NICOL,
Administrateur van die Provinsie Transvaal.

T.A.A. 3/1/48/12.

ORDONNANSIE No. 3 VAN 1958.

(*Goedgekeur op* 19 *Maart* 1958.)

(*Afrikaanse teks is deur die Goewerneur-generaal onderteken.*)

'N ORDONNANSIE

Tot aanwending van 'n verdere bedrag geld vir die diens van die Provinsie Transvaal gedurende die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1956 om sekere Ongemagtigde Uitgawe te bestry en te dek.

DIE Provinsiale Raad van Transvaal VERORDEN AS VOLG:—

Provinsiale Inkomstefonds belas met £114,426. 6s. 7d.

1. Die Provinsiale Inkomstefonds word hierby belas met 'n bedrag van honderd-en-veertienduisend vierhonderd ses-en-twintig pond ses sjielings en sewe pennies om sekere uitgawe, bo en behalwe die bedrag toegestaan vir die diens van die Provinsie vir die jaar geëindig op die 31ste dag van Maart 1956, te bestry. Hierdie uitgawe word uiteengesit in die Bylae by hierdie Ordonnansie en word nader omskryf op bladsy 37 van die Verslag (wat aan die Provinsiale Raad voorgelê is) van die Provinsiale Ouditeur oor die Rekenings vir genoemde jaar.

Kort titel.

2. Hierdie Ordonnansie heet die Ordonnansie op Ongemagtigde Uitgawe (1955-56), 1958.

BYLAE.

No. van Begrotingspos.	Titel van begrotingspos.	Bedrag.
	(Op Inkomsterekening.)	£ s. d.
1	Algemene Administrasie	3,144 8 9
2	Onderwys	962 10 7
3	Hospitale en Gesondheidsdienste	48,790 1 7
		52,897 0 11
	(Op Kapitaalrekening.)	
8	Kapitaaluitgawe	61,529 5 8
	Totaal £	114,426 6 7

Die Staatsdrukker, Pretoria.

No. 82 (Administrator's), 1958.]

PROCLAMATION

BY THE HONOURABLE THE ADMINISTRATOR OF THE PROVINCE OF TRANSVAAL.

Under and by virtue of the powers vested in me by section *ninety-one* of the South Africa Act, 1909, I hereby declare that the following Ordinance, passed by the Provincial Council of Transvaal, has been assented to by His Excellency the Governor-General-in-Council and is hereby promulgated.

GOD SAVE THE QUEEN.

Given under my Hand at Pretoria on this Twenty-first day of March, One thousand Nine hundred and Fifty-eight.

Wm. NICOL,
Administrator of the Province of Transvaal.

T.A.A. 3/1/48/12.

ORDINANCE No. 3 OF 1958.

(*Assented to on the* 19*th March*, 1958.)

(*Afrikaans text signed by the Governor-General.*)

AN ORDINANCE

To apply a further sum of money towards the service of the Province of Transvaal during the year ended on the 31st day of March, 1956, for the purpose of meeting and covering certain unauthorized expenditure.

BE IT ENACTED by the Provincial Council of Transvaal as follows:—

Provincial Revenue Fund charged with £114,426. 6s. 7d.

1. The Provincial Revenue Fund is hereby charged with the sum of one hundred and fourteen thousand four hundred and twenty-six pounds six shillings and sevenpence to meet certain expenditure over and above the amount appropriated for the service of the Province for the year ended on the 31st day of March, 1956. Such expenditure is set forth in the Schedule to this Ordinance and is more particularly specified on page 37 of the Report (which has been submitted to the Provincial Council) of the Provincial Auditor on the accounts of the said year.

Short title.

2. This Ordinance shall be called the Unauthorized Expenditure (1955-56), Ordinance, 1958.

SCHEDULE.

No. of Vote.	Title of Vote.	Amount.
	(On Revenue Account.)	£ s. d.
1	General Administration	3,144 8 9
2	Education	962 10 7
3	Hospitals and Health Services	48,790 1 7
		52,897 0 11
	(On Capital Account.)	
8	Capital Expenditure	61,529 5 8
	Total £	114,426 6 7

The Government Printer, Pretoria.